

ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 68 Nr. 1



April 2020

70
2019

**Pa, ma en kinders
Christelike lewenshuis**

Opvoeding

Onderwys

Wetenskap

**God en sy Woord
Christelike fondament**

Ek, Christenouer en die opvoeding en onderwys van my kind(ers)

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ◆ Christelike opvoeding,
- ◆ Christelike onderwys en
- ◆ Christelike wetenskap

“Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.” (2 Tim. 3:16 & 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug.” (Sprenke 1:7)

“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-19).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8.

IN DIE SKRIFLIG: Die kennis van God

Spr. 2:1, 5 – *My seun, as jy my woorde aanneem ... dan sal jy die vrees van die Here verstaan en die kennis van God vind.*

Byna al ons wysheid – dit wil sê – ware wysheid bestaan uit twee dele: die kennis van God en die kennis van onself. Dit is nie maklik om uit te maak watter kennis eerste kom nie, want alles is inmekaar vervleg. Niemand kan homself egter sien nie, of hy dink aan God, in Wie ons lewe, beweeg en bestaan (Hand. 17:28) ...

Die goeie dinge wat soos druppels uit die hemel op ons neerdaal, lei ons soos stroompies na die Bron. Verder blyk uit ons armoede des te beter die oneindige rykdom wat daar in God is. Dit is veral ons jammerlike gevalle toestand wat ons na boontoe laat kyk. En ons kan nie in erns na Hom gaan voor ons nie met onself ontevrede begin word het nie. So word elkeen deur kennis van homself nie alleen aangespoor om God te

soek nie, maar ook as't ware aan die hand gelei om Hom te vind.

Daar teenoor staan dit ook vas dat die mens nooit 'n suiwer kennis van homself kan bekom nie. Hy moet as't ware eers God se aangesig aanskou en dan afdaal om homself te aanskou. Want deur die hoogmoed waarmee ons almal ingebore is, lyk ons altyd vir onself regskaap, wys en heilig. Dit is die geval, tensy ons deur duidelike bewyse oortuig word van ons ongeregtheid, verdorwenheid, dwaasheid en onreinheid.

Hiervan word ons egter nie oortuig as ons net op onself let, en nie ook op die Here nie. Hy is die enigste maatstaf waarvolgens dié oordeel kan geskied. Want aangesien ons almal van nature tot huigelary geneig is, is ons doodtevrede met 'n leë dop in plaas van met die geregtigheid self.

Institusie van Calvyn: I, 1, 1&2

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	bl 3
Ouerbetrokkenheid by die onderrig	bl 4
Betekenis Bybelse mensbeeld vir Christelike opvoeding	bl 6
Populisme, openbare onderwys en aanslag op die gesin	bl 8
Ouers se gesag, regte en pligte	bl 10
Opvoedingsverantwoordelikhede: die ouer en sy Vennote	bl 12
Die huwelik in Bybelse perspektief	bl 14
Christelik-nasionale onderwys in Suid-Afrika	bl 16
Prof. weerstaan teenkanting	bl 18

Redaksioneel

Hugo Hayes

Die huisgesin is die deur-God-gewilde instelling, wat onvervangbaar is. Daarbinne moet aan huisgenote van die gesinsverband die grootste mate van lewensruimte gebied word, waar hulle geborgenheid, sekuriteit en vervulling van hulle lewensverwagtinge sal kan vind. Dit is die struktuur waarin elkeen, ideaal gesproke, tot die Bybelse maatstaf van die volle mens in Jesus Christus moet grootword, sodat hulle die plan en doel wat God met hulle lewens het, sal leer verstaan en navolg. Gesinslede verskil wel wat hulle geaardhede en persoonlikhede betref, maar die samebindende faktor as huisgesin is dat hulle tot die gemeenskaplike doel van 'n lewe in Christus verbind sal wees/word.

Hierdie grootword in gemeenskaplike verbondenheid aan Christus kom nie vanself nie. Dit vereis ouerlike betrokkenheid waaroor Pa en Ma met mekaar eenstemmigheid moet hê. Een van die grootste kwessies rakende die opvoeding van kinders en jongmense is dat ouers nie met mekaar kan ooreenkom oor die wat en die hoe van hulle opvoedingstaak nie. Die enigste oplossing is dat ouers die opvoedingstaak in biddende afhanklikheid van hulle Hemelse Vader sal aanpak, eerder as om dit dan maar te versaak. Bowendien is dit haas ondenkbaar dat twee gelowige ouers wat dieselfde lewenswaardes huldig, mekaar nie sal kan vind oor wat gedoen behoort te word nie; oor wat as in die beste belang van hulle kinders en die gehoorsame uitvoering van hulle opdrag bejeën moet word. Heers daar egter onderlinge eenstemmigheid, kom ouers tot die ontdekking dat die opvoedingstaak 'n heerlike opdrag en roeping van die Here is.

Ouers word as sodanig met gesag beklee, sodat hulle noodsaaklike optredes kan neem, ter wille daarvan om die proses van opvoeding langs die regte bane te lei. Hierdie besluite sal verstandige ouers voortdurend in die Lig van die Woord moet neem, waar ons ook in Ef. 6:4 lees "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here". Ouerlike gesag kan geheel en al buite verband (outoritêr) aangewend word en tot gevolg hê dat kinderlike eerbied skromelik sal ontbreek en die opvoedingsdoel verydel word. Die Bybelse beginsel is dat alles wat die ouers doen in belang van hulle kinders se grootword, deur die liefde getemper sal word. Dan moet ons nog steeds aanvaar dat daar dié tye sal wees dat die ouerlike tug onvermydelik toegepas sal moet word, egter nié met die doel om hulle kinders te vervreem nie, maar te behou.

Alles wat binne die opvoedingsruimte moet gebeur, berus daarop dat dit in 'n gesindheid van beslistheid, maar ook 'n betoning van ouerlike liefde moet gebeur. Liefde wat egter ook weer buite verband die ouers se benadering tot opvoeding stempel, moet ook daarvan bewus wees dat, indien van ouerlike dissipline en gesag daar nie veel tereg kom nie, liefde alleen nie alles sal kan regmaak nie. Die grondslag van die liefde ja, tesame met 'n ongeveinsde geloof en lewende hoop word as noodsaaklike voorwaardes vir gesinsopvoeding beskou. Opvoeding bly gevolglik harde werk en vra volgehoue toewyding, sodat die proses van groei na volwassenheid in die regte rigting gerig en gestuur word, naamlik dat hulle gelei word om die volheid van hulle lewe in Jesus Christus te vind.

Sommige opvoedkundiges verwys daarna as omhoogleiding, ander weer as die ontsluiting van die menslike persoon. Die eindresultaat moet daarop uitloop dat hulle dié mense sal word waarna die Bybel verwys as die volwasse mens in Christus ... (Efes. 4:13). Ja inderdaad, die mens van God wat die Bybel aan ons voorhou is een in wie 'n ware geloof in God-Drieëinig gevind word, wat deur sy of haar lewensinstelling toon dat die opvoeding binne die huisgesin die goeie vrugte oplewer waaraan die goeie boom geken word, by wyse van spreke. Wat van deurslaggende belang is, is dat dit God self is wat aan ouers die opdrag gee en dat die Woord van God derhalwe sentraal behoort te staan in die opvoeding van kinders. Op geen ander manier kan ons te wete kom wat die Wil van God vir ons lewens is nie as deur die Bybel te raadpleeg. Gelowige ouers staan dus onder die verpligting dat hulle hul kinders volgens die eise van God se Woord sal grootmaak. Dit impliseer dat die opvoeding waaraan kinders en jongmense onderwerp moet word, tot die ware ontsluiting van hulle menswees in Bybelse sin aanleiding moet gee. Christelike opvoeding moet ons kinders daartoe bring dat hulle die Wil van God vir hul lewens almeer sal begryp, ten einde hulle lewens almeer daarvolgens in te rig.

Ouers se verantwoordelikhede hou ook nie op wanneer ons kinders die dag skool toe moet gaan nie. In die verlengde van hulle opvoeding staan die ouers steeds verantwoordelik voor God. Hulle moet kragtens hul doopgelofte toesien dat hulle kinders se voortgesette opvoeding en die onderwys wat hulle op skool (sal) ontvang, **Vervolg op bl. 4**

Ouerbetrokkenheid by die onderrig

Geneem uit die werk: Ouerbetrokkenheid by die onderwys, deur prof. OJ van Schalkwyk (vroeër van UNISA), en redaksioneel effens verwerk

Die opvoedende onderwysgebeure; daardie gebeure wat tussen 'n opvoeder en 'n kind plaasvind ter wille van die kind se ware *normatiewe ontsluiting*, is die wesenlike saak in die hele onderwys. Daardie gebeure word afgestem op 'n sekere doel en geskied aan die hand van bepaalde leerstof d.m.v. bepaalde *metodes*. As hierdie drie sake in ooreenstemming met Christelike uitgangspunte geskied, kan die Christenouer tot 'n groot mate gerustheid in die hart hê. Christelike onderwys word nie deur die gebruik van die Bybel by die opening van die skooldag alleen gewaarborg nie, of deur die feit dat Bybelonderrig deel van die kurrikulum uitmaak nie. Sou ons hierby 'n opregte Christelike lewenswandel van die onderwyser voeg, 'n Christelike onderwysstelsel en 'n kurrikulum wat volgens Christelike beginsels gestruktureer is, of watter ander saak ookal, kan die saak steeds misluk. Die belangrikste enkele faktor bly die vakonderrig in die klaskamer. Dit moet deur en deur Christelik wees. En dit beteken dat die leerstof wat onderrig moet word in die lig van Bybelnorme vertolk moet word.

Christelike onderwys beteken egter nie dat die Skrifnorme naas die vakinhoud onderrig moet word nie. Dit sou beteken dat ons maar enige tipe onderwys kon aanbied en dit daarna met Bybelversies probeer 'regdokter', of nie-christelik-wetenskaplik verkreë kennis agterna met

Bybelnorme probeer verchristelik. In wese bly dit steeds nie-christelik – Bybelversies ten spyt! 'n Vyeboom kan nie olywe voortbring nie, al kry dit ook watter behandeling. Dit bly getrou aan sy wese. Die enigste manier is 'n samebinding van Skrifnorme en vakinhoud tot 'n nuwe verbinding, 'n nuwe interpretasie en resultaat. Dus nie *naas* mekaar nie, maar *met* mekaar en *in* mekaar. Meer nog, die Skrifnorme gee aan die inhoud 'n nuwe dimensie, 'n ander karakter, 'n heel nuwe betekenis soos wanneer suurstof en waterstof tot water verbind.

Sinnvolle betrokkenheid van die ouer by die opvoedende onderwys self vereis dat die ouer sal weet wat dit beteken. Wanneer is die vakonderrig Christelik en wanneer nie? Dit op sigself is 'n moeilike saak vir die ouer in die algemeen om van kennis te dra, tensy hy/sy 'n goeie skoling in die Christelike Filosofie, Christelike Opvoedkunde en ander vakwetenskappe vanuit Christelike perspektief ontvang het. Die doel hiervan is (derhalwe) om aan die ouer 'n klein bietjie insig in hierdie sake te bied, sodat hy/sy sal besef dat dit om veel meer gaan as die kultiese gebruik van die Bybel in die onderwys of deur dit bloot in die kurrikulum in te sluit. Christelike onderwys kom slegs tot sy reg wanneer elke vak in die skool in die lig van die beginsels van die Bybel onderrig word. Dit beteken dat daar ten grondslag van elke vak 'n Christelike mens- en

wêreldbeskouing moet lê.

Elke vak het 'n teoretiese onderbou (vakfilosofie) en daardie onderbou is altyd lewensbeskoulik bepaald. Geen vak bestaan sogenaamd 'neutraal' of 'objektief' nie, want alle kennis is menslik van aard. Die mens verstaan, begryp, beskou, vertolk en sien die feite altyd op 'n bepaalde subjektiewe en persoonlike wyse in. Kennis is altyd subjektief van aard, op 'n bepaalde wyse 'gekleur' deur die mens wat dit ontdek en beskryf. En dit doen hy/sy in gehoorsaamheid aan die religie van sy/haar hart, en gevolglik ook sy/haar lewensbeskoulike insigte. Leerstof is dus altyd religieus en lewensbeskoulik bepaald. Vir die Christenouer en onderwyser kan slegs leerstof wat in die lig van gereformeerde-Christelike beginsels begryp en vertolk word, aanvaarbaar wees.

Die plek en gebruik van die Bybel en geloof in die onderwys/wetenskap is geen eenvoudige saak nie. Die Bybel is nie 'n voorskriftelike resepteboek wat vir elke saak 'n klinkklare antwoord bied nie. Dit gee egter perspektief op die werklikheid, dit lê grondslae neer, dit stel beginsels, gee riglyne vir ons siening en hantering van sake en daaruit maak ons gevolgtrekkings. Christelike onderwys beteken onderrig in gehoorsaamheid aan en in die lig van Skrifnorme. 'n Sekere skrywer stel die saak treffend wanneer hy sê dat Christelike onderwys is nie "an escape from

Vervolg van bl. 3 Redaksioneel

steeds aan die Bybelse beginsels en norme sal beantwoord.

In die bydraes wat volg sal ons lesers met die onderskeie

perspektiewe van opvoedkundiges kennis maak. Een duidelike boodskap kom daarin na vore: die verantwoordelikheid van die ouer t.o.v. opvoeding in die ouerhuis, sowel as m.b.t. die opvoeding en onderwys wat in

die skool gebeur. Daarom is die keuses wat ouers maak om te verseker dat hulle kinders die regte opvoeding ontvang van die allergrootste belang. Die bydraes wil juis hierdie saak opnuut beklemtoon.

books” nie, maar ’n “spiritual eye opening experience for returning to readin’, writin’, ‘rithmatic with a renewed vision. It is time for putting on the spectacles of Scripture anew so that in its Light we may see light clearly in every branch of learning”.

In die Lig van die Skrif moet die skool se opdrag binne die breë roeping van die Christelike gemeenskap begryp word en sodoende ook die plek van onderwys ten opsigte van die hele lewe. Die kind moet so ’n Christelike vakonderwys ontvang dat hy met daardie kennis en perspektiewe sy lewensopdrag ten opsigte van elke terrein van die lewe elke dag in volle gehoorsaamheid aan God se Wil gaan volbring. Deur die onderwys moet die kind leer en begryp hoe om ’n lewe wat in Christus gewortel is te lewe. Ware Christelike onderwys berei die kind voor vir ’n lewe in diens van God, wat beteken dat die kind in watter beroep ookal as kind van die Here in gehoorsaamheid aan sy wil sal lewe en in ooreenstemming met die goddelike beginsels, wette en norme oor die skepping sal heers.

Christelike vakonderwys gaan nie om die ontsluiting van sogenaamde feite alleen nie. Dit behels baie meer as dit. Die ontsluiting van getalbewerkings in Wiskunde lei nie na ware kennis nie, tensy die kind ook onderrig word hoe daardie tegnieke die mens help om die skepping te beheers en te help ontplooi. Die onderrig van wetenskap het slegs betekenis vir die kind se ontsluiting tot vervulling van sy kultuurmandaat as hy ook geleer word hoe kennis van daardie natuurwette die mens help met die produksie van voedsel, die bekamping van siektes, die beter benutting van tyd, natuurlike hulpbronne ens. Tog het die wetenskap ook negatiewe gevolge vir die mens en sy leefwêreld, soos besoedeling, versteuring van die ekologie, die

degradering van die mens, die verontpersoonliking van die mens ... Net so mag geslagsopvoeding nie tot die biologiese feite alleen beperk word nie, maar die kind se oë moet geopen word vir sy verantwoordelikheid met betrekking daartoe; wat, bv. die gevolge van oor- en onderbevolking inhou – alles in die lig van die mens se roeping. Alle onderrig moet openbaar dat daar slegs van ’n ware Christelike lewenstyl sprake kan wees wanneer die mens die Bybelse norme vir geregtigheid, naasteliefde, rentmeesterskap, verantwoordelikheid en waarheid gehoorsaam.

Die saak kan met behulp van die vak Geskiedenis verduidelik word. Die onderrig van geskiedenis word vandag hoofsaaklik gekenmerk deur die feit dat dit grotendeels beperk word tot blote politiek of ekonomiese gegewe. Waarom nie ook meer van die geskiedenis van ons tradisies en kultuur, die onderwys en die kerk, die geskiedenis van die landbou, kuns, taal en wetenskap nie? Verder wentel die onderrig daarvan om ’n teorie dat die geskiedenis homself herhaal, asof die geskiedenis ’n grootheid in sigself is wat oor die mens heers en God heeltemal uitskakel. Die geskiedenis kan waarskynlik bepaalde strominge openbaar, maar dit is omdat die mens wat die geskiedenis maak óf God se beginsels vir die lewe gehoorsaam óf dit verontagsaam, daarom toon die gevolge daarvan dieselfde trekke.

Dis maar ’n ongelukkige toeval dat die Protestante in 1686 in Frankryk vervolgd is, sê die humanis, byvoorbeeld. Die Christen sien daaragter egter die hand van God wat sorg dat 151 Franse Hugenote weens die godsdienvervolging in Frankryk in 1688 na die verre suidpunt van Afrika uitgedryf word om die Christendom sterk en stewig hier te vestig. Die Groot Trek vind

nie toevallig plaas as gevolg van ’n ongelukkige gebeure aan die Kaap nie, maar God wat die geskiedenis in sy hand het, laat op daardie wyse die beskawing en die Evangelie dieper in Afrika uitbrei om die duisternis te verdryf. Alles staan so in die teken van die koms van die Koninkryk. Net so erg is dit as die geskiedenis ontsluit word as ’n saak waarin dit om oorsaak en gevolg (kousaliteit) gaan of dat dit net gaan om die aanleer van ’n klomp datums.

Vir hom wat ’n Christelike perspektief op die geskiedenis het, lê die sin daarvan in die ontplooiing van die beskawing. So is Geskiedenis die rapportering van die wyses waarop die mens sy kultuurmandaat deur die eeue aangepak en deurgevoer het. In die mate waarin die mens aan die roeping getrou en ontrou was, wissel herlewing en insinking mekaar af. En daarom is dit belangrik om insig te verkry in die aard en uitwerking van die mens se gehoorsame of afvallige motiewe en ideale wat agter die geskiedkundige gebeure lê. Na sy ware aard is die geskiedenis ’n weergawe van die mens se gehoorsaamheid en ongehoorsaamheid aan Skrifbeginsels en die gevolge daarvan, asook die lesse wat daaruit te leer is. Die verband tussen die mens se kultuurvorming en die onderliggende komende Koninkryk van God moet voortdurend duidelik gelê word.

Benewens die betekenis van die Koninkryks- en roepingsperspektiewe van die Bybel vir die onderrig van Geskiedenis, is ander Skrifbeginsels ewe bepalend daarvoor. So, bv., het die Bybel niks te sê oor die Franse Revolusie nie, maar dit gee baie duidelike beginsels vir die mens se vryheid, sy verantwoordelikheid en regte, die roeping van die staat, die mens se verhoudinge, die posisie van die armes en baie ander sake,

Vervolg op bl. 6

Die betekenis van 'n Bybelse mensbeeld vir Christelike opvoeding

Bydrae deur dr JM Gerber, geneem uit VCHO-publikasie: Voed hulle op

Die Bybelse mensbeeld

Die Bybel is die Skrifgeworde Woord van God-Drieënig waarin Hy allereers Homself aan ons openbaar. Hy openbaar Homself aan ons as Skepper, Onderhouer, Regeerder en Voleinder van alle dinge, "want uit Hom deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlijkheid tot in ewigheid!" (Rom. 11:36).

Sodra ons dit aanvaar, leer ons ook iets aangaande onself en die omringende werklikheid. Ons leer dat ons hierin met die Skepper te doen het, dat alles (ook die mens) skepsel van God is, kreatuurlik van aard en in alles van God, die Skepper afhanklik is. Gén. 1:1 is die openingswoorde van die Bybel en dit is reeds van ingrypende waarde vir ons lewens- en wêreldbeskouing:

"In die begin het God die hemel en die aarde geskep".

Geen mens kan van hierdie sentrale uitgangspunt wegstroom of daarop verbeter nie; ook nie die evolusionis wat alles wil terugvoer na 'n oersubstansie, waaruit alles in een kontinue lyn ontwikkel het tot vandag toe nie. Ook nie die oerknalteorie, waarvolgens die heelal sou ontstaan het, kan logies teruggaan na "in die begin", sonder om die grense van sy eie denke te besef nie. Menslik gesproke sou hy moes sê: In die begin het God sy hande geklap en die oerknal, waardeur alles uit niks ontstaan het, het plaasgevind! Die Bybel sê: God het gepraat en dit was so, hy het beveel en dit was daar (Ps. 33:9).

Benewens hierdie belangrike uitgangspunte vir ons leer aangaande die skepping (kosmologie) gaan dit hier veral om die Bybelse openbaring aangaande die mens. Die Bybel stel dit dan so dat God



oorspronklik 'n onderlinge, samehangende verskeidenheid van skepseldinge geskep het. Ons kan opsommenderwys sê: dit was 'n klomp ditte en datte wat met mekaar op baie maniere saamhang om 'n eenheid te vorm. Elke ding het op sy beurt sus of so bestaan. Dit noem ons bestaanswyses van dinge.

Vervolg van bl. 5: Ouerbetrokkenheid by die onderrig

wat die interpretasie van die Franse Revolusie beïnvloed. Die Bybel sê ook nie watter staatsvorm soos die demokrasie of outokrasie die beste is nie, maar stel wel die norme vir die mens se vryheid, roeping en verantwoordelikhede in die lig waarvan ons sal moet evalueer watter staatsvorm die grootste ruimte vir die (uitvoering van die) mens se kultuurmandaat bied. "The Bible gives us framework, spectacles, by which the Christian views reality and the implications of the view provide the basis and norms for history. Has to study just as hard as the unbeliever, but his view is focused and adjusted by Scripture", stel iemand die saak duidelik.

Bogenoemde gesigspunte oor

die aard van die Christelike vakonderwys beklemtoon die belangrikheid van die Christelike-wetenskaplike opleiding van die onderwyser. Die Christenouer het die reg (verpligting – red.) om te eis dat sy kind ware Christelike vakonderrig sal ontvang. Hoe kan dit bepaal word? Myns insiens deur die tipe huiswerk, skriftelike klaswerk, toetse en eksamenvrae wat aan die kind gegee word na te gaan en te beoordeel. Verder kan met die kind oor temas uit die leergang of handboek gesels word om sy insigte en perspektief daarop vas te stel.

Waarom het sake nog nie veel deur die jare verander nie? Eenvoudig omdat die ouers alles maar stilswyend (passief? – red.) aanvaar. Is u nog 'n Protestant?

Dan moet u weer begin protesteer teen die humanistiese en sekulêre onderwys wat aan ons kinders van die Reformasie gebied word. Daar moet mos êrens 'n skroef los wees as ons gemeenskap na soveel jare van sogenaamde Christelike onderwys net meer permissief, meer losbandig, meer liberaal en meer oppervlakkig word. Radikale gereformeerde Christelike onderwys is die enigste verantwoordelike antwoord vir die wêreld wat elke dag steeds verder terugval in die duisternis van onkunde en normloosheid. Is u bereid om as 'n ware Protestantse ouer die stryd teen die magte van die duisternis, wat sy invloed ook in ons onderwys laat geld (ten spyte van die al die positiewe wat ons ook daar vind) aan te pak?

Sou ons nou probeer om 'n eenheidsvisie op die ditte en datte wat sus of so bestaan te vorm, kan ons alles in deel in ryke, nl. dié van stof, plant, dier en mens.

Streng gesproke mag ons nie die mens in deel onder hierdie aardse ryke nie. Ons moet vir hom 'n aparte plek gee, soos die Bybel dit doen. Die Bybel openbaar aan ons dat die Skepper eers die aarde voorberei het as woonplek en werkplek vir die mense en daarna deur 'n besondere beraadslaging en besluit die mense (man en vrou) gemaak het. Die openbaringswoorde in hierdie verband kry ons in Gén. 1-3, maar ons moet dit saamlees met wat ook in die Nuwe Testament staan, bv. in Kol. 1:15-20. Dan sal ons deur die geloof kan weet dat God die Vader deur Christus en die Heilige Gees die wêreld en die mens geskep het. God-Drieëinig was werksaam in die skepping:

“God het gesê: Kom ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die visse in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip ...

God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep” (Gén. 1:26-27).

Ons staan hier voor die geheime-nis van ware menswees waaroor baie gesê kan word. Daar kan bv. geen sinvolle woord oor die mens gesê word nie, tensy ons van die begin af God ter sprake bring, want in die skeppingsverhaal word die mens van die begin af aan God se kant geplaas: God se verteenwoordiger, God se beeld, sy kind, sy ambassadeur, sy rentmeester, sy onderkoning en sy opdragnemer. Andersyds word die mens tog volledig aan die skepping se kant as skepsel saam met die res van die

skepping geplaas. Ons kry dus hier te doen met God se mens in God se skepping. Die mens as unieke wese tree hier reeds in die lig binne al sy belangrike grondverhoudinge wat sy bestaan op aarde bepaal. Hy is uit die stof van die aarde geformeer en het dus deel aan die stoflik-energetiese. Hy het 'n lewende wese geword en het deel aan die organiese lewensaspek. Hy het deel aan die psigiese en sensitiewe lewe, waaraan die diere ook deel het, maar dan gaan hy tog die organiese en psigiese vër te bowe in die ontsluiting van sy tipies-menslike handelings- en bewegingsstruktuur waaraan hy as mens deel het.

Kom ons nou by sy geloofsaspek, kan ons sê dat hierdie aspek bo die mens na sy Skepper en oorsprong uitwys wel op so 'n tipies-menslike wyse dat dit hy alleen is wat in God kan glo, Hom kan liefhê en in al sy doen en late Hom kan gehoorsaam en verheerlik. In Bybelse lig sal ons dus nie die mens ten diepste tipeer volgens een van sy lewensaspekte nie (bv. die biotiese – red.), maar volgens wat die Bybel sy 'hart' noem. As God die mens oproep om Hom lief te hê met sy hele hart, sy hele siel, sy hele verstand en met al sy krag dan dui dit op die brandpunt van sy bestaan waar sy hele lewe op God gefokus moet wees óf daarteenoor: geheel en al van God afgekeer. In Bybelse lig is die hart van die mens dus die religieuse brandpunt van sy wese en bestaan – daar waar hy in sy eenheid en totaliteit voor God se aangesig bestaan. In Bybelse lig praat ons dus van die mens as 'n religieuse wese wat uniek en geheel-en-al van die dier en die res van die aardse skepping onderskeie is.

Die mens as religieuse wese

Die mens as kroon van God se skepping en as religieuse wese staan in 'n groot verskeidenheid

verhoudinge. Binne hierdie verhoudinge is daar ook 'n bepaalde prioriteit, sodat die een deurslaggewend vir die ander kan wees. Die grondverhoudinge waarin God die mens geplaas het, is hoofsaaklik die volgende:

- Tot Homself as Skepper en Vader.
- Tot sy naaste as medemens.
- Tot die res van die skepping (hemel en aarde).
- Tot homself as beeldraer van God.

(Laasgenoemde word deur antropoloë soms weggelaat, maar dit blyk tog belangrik te wees, omdat die mens tot ware selfkennis moet kom.)

Binne hierdie grondverhoudinge is ons verhouding tot God die wortelverhouding waaruit al die ander beslissend beïnvloed en bepaal word. Hierdie 'wortel' kan ons die ware en opregte geloof noem. Hieruit kom die liefde en hoop na vore. Christus gebruik in Joh. 15 die beeld van die ware wynstok en die lote. Hy is die ware wingerdstok en sy Vader die landbouer. Gelowiges is die lote wat op die wingerdstok ingeënt word om so deel te kry aan die lewe en vrug van die wingerdstok. Deur die ware en opregte geloof, wat opkom uit die herbore hart van die sondaarmens, kry ons deel aan die lewe en vrug van die wingerdstok. In die hart van die mens is hy radikaal (d.w.s. vanuit die radix of wortel), sentraal (vanuit die middelpunt of eenheid van sy bestaan) en totaal (as hele mens met al sy funksies en lewensuitinge) aan God gehoorsaam, óf in ongeloof in sy hart van God afgekeer en op 'n afgod gerig.

Hieruit moet ons aflei dat die verskynsel van die religie 'n eenheidsstruktuur openbaar (d.w.s. alle mense is religieuse wesens), maar dat daar 'n tweërlei rigting in die religie is nl. dié van geloofsgehoorsaamheid aan die

Vervolg op bl. 9

Populisme, openbare onderwys en die aanslag op die gesin

Andries Raath

Openbare onderwys in die populistiese staat

Die politieke bedeling wat in 1994 in Suid-Afrika beslag gekry het was 'n populistiese demokrasie waar die wil van die meerderheid die toon aangee. Dié politieke bedeling waarin openbare onderwys geskied, vertoon karaktertrekke wat in verskeie opsigte in direkte opposisie tot die Christelike onderwysideaal staan. Die kenmerke wat openbare onderwys vertoon sou soos volg saamgevat kon word: Die staat is die basiese onderwysvoorsiener en ander samelewingsinstellings – soos die gesin en die Kerk – funksioneer bloot ter ondersteuning van die staat se onderwysprogramme; die taak van die staat om onderwys te voorsien brei uit namate die uitdagings op die terrein van onderwys en opvoeding verbreed; die skool wat deur die staat bedryf word is die sentrale opvoedingsinstelling in die samelewing en vorm 'n verlengstuk van die staat; openbare onderwys geskied met die oog op die kultivering van 'n burgerlike gees wat die belange van die staat dien; onderwys is 'n behaaglikheidskeppende ervaring wat 'n appèl op die kind se genotsug moet maak; omdat die mens 'n verlengstuk van die diereryk is en op grond van die voortgaande evolusie van die menslike geslag, moet die openbare onderwys die drifte en drange van die kind sinvol by die onderwysproses inskakel; omdat talle gesinne in die samelewing wanfunksioneel is, vorm geslagsopvoeding 'n belangrike prioriteit in openbare onderwys; kinders het deel aan die demokratiese etos wat nie alleen in die staat nie, maar op alle samelewingsterreine die

botoon voer; in plaas van Bybelse beginsels geld die uitgangspunte van die pragmatisme ingevolge waarvan nie Bybelse beginsels nie, maar die wisselende politieke en samelewingsentimente bepaal wat waar, aanvaarbaar en reg is. Omdat die individu bloot 'n klein selletjie van die groter omvattende demokratiese geheel vorm, is die belange van die enkele kind ondergeskik aan dié van die massa.

Die staat die hoogste doel

Sedert 1994 het die staat toenemend die sentrale posisie in die openbare onderwys ingeneem. Onderwysprogramme is al hoe meer aan staatsbehoefte en -oorwegings uitgelewer. Staatsbeheerde onderwys was die onmiddellike gevolg daarvan. Toenemende staatsbeheer op onderwysgebied het twee gevolge opgelewer wat Christelike onderwys direk in die gedrang bring: eerstens, sekularisasie van die onderwys in alle geledinge; tweedens, die toenemende verlies aan seggenskap deur ouers oor die inslag van die onderwys wat hul kinders ontvang. Die gees van sekularisasie en uitkakeling van Christelik geloofsbegronde onderwys het sedert 1994 hand oor hand toegeneem. Dit was veral die toenemende invoering van evolusionisme en die klem op lewensorïentering met die oog op opvoeding van kinders tot deugsame landsburgers wat Christelike onderwys toenemend verwater en beperk het. Die onlangse skooluitstalling van demoniese kuns en 'n direkte aanval op die waarhede van die Christelike geloof, was die direkte gevolg van die ontkerstening van die skoolonderwys. Bykomend tot die aantasting van die Christelike onderwys, het uitkakeling



van ouerseggenskap in skool-aangeleenthede ook hand oor hand toegeneem. Pogings van ouers om moedertaalonderrig as onderrigmedium van hul kinders te behou, word deur die staatsbeheerde onderwysstelsel op alle vlakke aan bande gelê. Staatsinmenging in die openbare onderwys het die onmiddellike gevolg dat wat vir die staat diensbaar is, die hoogste belang in openbare onderwys word en dat die stemme van ouers wat oor die onderwys van hul kinders begaan is, al hoe meer aan bande gelê word. Die eensydigheid en onsensitiwiteit waarmee die staat op die onderwysterrein optree, is soortgelyk aan wat in sosialistiese stelsels – veral dié van die Marxisme – elders in die wêreld plaasvind. Op 1 November 2019 het die Departement van Basiese Onderwys byvoorbeeld aangekondig dat ongewenste swangerskappe in skole dermate toegeneem het, dat voorbehoedmiddels as deel van die normale bevoorrading aan skole beskikbaar gestel word. Dié stap is gemotiveer deur die onbeheerde vlag van primitiewe immoraliteit wat die Suid-Afrikaanse samelewing teister en die sekulêre gees van die

populistiese massas wat na die skool verplaas word.

Die aanslag op die gesinslewe

Waarskynlik die grootste morele ramp wat die openbare onderwys in 2020 in die gesig staar, is die heimlike invoering van geslagsonderrig in die skole met leermateriaal wat op geen onduidelike wyse as pornografies beskryf kan word. Die oertaak en verpligting om kinders binne die sensitiewe kring van die huisgesin die nodige geslagsvoorligting te gee, word op brute wyse deur die staat oorgeneem, die integriteit van die gesinslewe geminag en ouerlike seggenskap by die wortel afgesny. Soos dikwels met projekte op humanistiese wortel die geval is, sal die effek van dié opvoeding juis die doel wat nagestreef word verydel: Stimulering van kinders se genotsug, kweek van 'n perverse gees, bande-lose geslagsverhoudings en stimulering van 'n erotiese humanistiese etiek. Die basis waarop hierdie morele eksperiment berus, is reeds deur die sosialistiese opvoedkundige, Carleton Washburne (gebore 1889) gepropageer. Washburne het die standpunt verkondig dat "eksterne" invloede en norme in die onderwys verhoed word en dat openbare onderwys die "interne" norme vir die opvoeding van kinders ontwikkel. Die behoeftes van kinders tot "self-ekspressie" moet bevorder word sodat die kind gemaklik by sosiale omgewings kan inskakel. Dit kan alleen geskied deur middel van "sosiale integrasie" en aanpassing by die

sosiale omgewing waarin kinders hulself bevind. Sosiale integrasie behels dus die identifikasie van die kind met die moraal en etos wat sosiaal vaardig is. Omdat gesinsopvoeding kinders daarvan weerhou om sinvol by hul sosiale omgewing in te skakel, moet sulke "wanaangepaste kinders" deur die openbare onderwys herprogrammeer word sodat hulle sosiaal suksesvol kan wees. Die oogmerke van dié projekte sluit in sowel psigologiese heroriëntering as geslagsopvoeding: "The teacher must thus be trained 'in the principles of mental hygiene' to aid these maladjusted children. From teacher to nurse to psychiatrist, a chain of reference must be established." Rushdoony voeg by: "Mental hygiene as well as sex education must be taught in the schools and is their 'responsibility'." Die reg wat die staat in dié verband opeis behels die volledige godsdienstige en morele programmering van kinders deur die hele opvoedingsproses.

Oproep tot Christelike ouer-betrokkenheid en -verantwoordelikheid

Anneksasie van samelewings-instellings deur die staat en kolonisasie van die gesinslewe vir politieke doeleindes is in die geskiedenis van die wêreld nie vreemd. Reeds in Romeinse tye het Keisers hulself as gode beskou en absolute lojaliteit en ondersteuning van hul politieke oogmerke afgedwing. Die staat se geneigdheid om homself as god op aarde te beskou is eweneens nie 'n vreemde verskynsel nie.

Toenemende besetting van die gesinslewe is die gevolg van ouerlike versuim om hul Christelike verantwoordelikheid en verpligting na te kom. Christelike ouerbetrokkenheid verg die roepingsbesef dat ouers verantwoordelikheid vir kinders se opvoeding en onderwys neem en dat hul doopgelofte die verantwoordelikheid meebring om hul kinders op te voed en te laat opvoed in die waarhede van die Christelike geloof. Die Christelike huisgesin is een van die belangrikste skanse teen beskawingsverval en verstaatliking van ons samelewing. Die Suid-Afrikaanse samelewing verkeer tans in 'n greep van terugval in primitiewe en onbeskaafde lewenspraktyke wat direk in stryd verkeer met die Christelike leefwyse en -oortuigings: Bloedlus, geweld, onverfynde gedragwyses, disrespekvolle optrede teenoor andere. Daarteenoor staan die Christelike huisgesin met die roeping tot vestiging van 'n kultuur van respek vir lewe, sensitiwiteit jeens die lewe en besittings van andere, bedagsame en verfynde optrede jeens ander, agting en respek vir ander mense. Sonder die aktiewe betrokkenheid van Christelike gesinne wat aktief hul geloof en belydenis uitleef, loop die Suid-Afrikaanse samelewing gevaar om in 'n moeras van onbeskaafde heidendom te versink. Só belangrik is die rol van Christen-ouers en gesinslede om ons samelewing van staatsgekultiveerde heidendom te red!

Vervolg van bl. 7: Die betekenis van 'n Bybelse mensbeeld vir Christelike opvoeding

ware God óf dié van afval en opstand teen die ware en lewende God. Hierdie gesigspunte open ook perspektiewe vir die onderwys soos bv. dat opvoeding en onderwys, asook die wetenskap, altyd religieus bepaald is. Verder dat ons in Bybelse lig geroepe is

om die mens as religieuse wese te beskou en hom op te voed tot geloofsgehoorsaamheid. Dit hou in dat Christelike opvoeding altyd 'n normontsuitende karakter moet openbaar om kinders heen te lei tot hulle Skepper en tot gehoorsaamheid aan God se

orde vir sy skepping en God se wil vir hulle menswees. Dit bring dadelik die koninkryk van God in perspektief wat Christelike onderwys betref. Die koninkryk van God word dáár gerealiseer waar al God se skepsels en die mens as kroon van die skepping

Vervolg op bl. 13

Ouers se gesag, regte en pligte

Geneem uit: Ouerbetrokkenheid by die onderwys, deur prof. OJ van Schalkwyk, met enkele redaksionele verwerkings

Die ouers se gesag, regte en verpligtinge ten opsigte van die opvoeding van hulle kind(ers) word deur verskeie bronne soos die Bybel, Kerk, Reg en Owerheid erken en ook eerbiedig en selfs ook afgedwing en deur gewetensdwang ge-eis. Die Christen se hele lewe, insluitende ook sy gesag oor sy kinders en die plig om hulle op te voed staan onder die (absolute – HJH) gesag van die Bybel. Ouergesag en opvoedingsplig moet deur die Christen in die lig van die Skrif vertolk en uitgeleef word.

Die genadeverbond wat God met die mens gesluit het naamlik “tussen My en jou en jou nageslag na jou en hulle geslagte as ’n ewige verbond om vir jou ’n God te wees en vir jou nageslag na jou” (Gén. 17:7) is ’n genadedaad van God om die mens wat in sonde geval het te red. In Jeremia 31:33 word die verbond nog ryker gestel wanneer die mens se verantwoordelikheid daarin sterk beklemtoon word, naamlik, “om vir My ’n volk te wees”, die wet wat God in sy binneste gee en op sy hart skryf, te gehoorsaam. In Jesus Christus gee God uitvoering aan sy kant van die verbond, terwyl Hy in en deur sy Seun ook die mens se kant nakom.

Die mens se verantwoordelikheid bestaan nou daarin om uit liefde en dankbaarheid vir daardie genade in Jesus Christus as die verbondsmiddelaar te glo. Gevolglik wentel die mens se hele lewe om daardie geloof. Geloof in Jesus Christus moet ook in die mens se kind gewek, gevestig en uitgebou word. Slegs deur ’n ware opregte en diepe geloof in Jesus Christus kan die mens vir God ’n volk wees. God eis van sy verbondsvolk, waarin die huisgesin die kern is,

’n liefde en toewyding wat uit sy hart, die setel van sy lewe kom en wat na buite onder leiding van die verstand intelligent in aksie tree op die verskillende terreine van die lewe. Huislike opvoeding moet dus voorberei vir verdere opvoeding en vir die lewe (Eloff, 1982:3). En dit is die taak van die ouer. Hy word met gesag beklee en verplig om die verbondswaarhede met alles wat dit behels by sy kind in te skerp, daaroor te spreek “as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan” (Deut. 6:7). Die natuurlike en Godgegewe gesag van die ouer om sy kind vir sy ganse lewe op te voed tot liefde, gehoorsaamheid en diens aan God met die hele hart, word dus deur die Bybel voorgeskryf.

Ofskoon die Regswetenskappe die ouer se regte en pligte met betrekking tot sy kind wat op skool is, nog nie volledig uitgewerk het nie, gee dit tog al ’n redelike aanduiding van hoe die reg daarvoor verstaan moet word. Daarvolgens is die gesin ’n selfstandige, nie-staatlike samelewingsverband wat bevoeg is om op sy eie terrein reg te skep en toe te pas (Nolte, 1980:75). Hierdie reg moet egter deur die liefde (ouerliefde) gelei (gerig) word. Die *struktuur van die gesin* bepaal ook die grense van ouerlike gesag (Van der Vyver en Van Zyl, 1972:94). Ouerlike gesag sluit die ouer se regte en verantwoordelikhede in. Die verantwoordelikhede, regte en gesag van ’n ouer teenoor sy kind spruit volgens die Romeinse en Romeins-Hollandse Reg uit “a sense of natural justice and filial and parental dutifulness and from the affection of blood”. Die oorsprong daarvan is *ex lege* (dit spruit voort uit die reg wat ’n ouer van nature ten opsigte

van sy kind besit en nie uit ’n wet wat dit gebied nie), terwyl die verantwoordelikheid wat dit meebring *sui generis* is (die ouerverantwoordelikheid het ’n eie aard, inhoud en karakter wat nie van ander afgelei kan word nie (Boberg, 1977: 254)). Die regs wetenskappe (Persone en Familiereg) moet die aard en inhoud van hierdie Gemeenereg van die ouer probeer peil en beskryf.

Ons skenk slegs aandag aan daardie faset wat met die ouer se opvoedingsplig te make het en soos dit deur die Suid-Afrikaanse Persone en Familiereg omskryf word. Die besondere landswette en ordonnansies behoort die gemeenereg (dit is die algemeen-geldige en universele regte) van die mens so getrou moontlik te vertolk en in ooreenstemming daarmee opgestel te word.

Die Suid-Afrikaanse Persone en Familiereg beskryf die regte van die ouer m.b.t. die skoolopvoeding van sy kind soos volg:

Ouergesag kom tot stand en word verkry deur albei ouers by die binne-egtelike geboorte van ’n kind; deur die moeder alleen in die geval van ’n buite-egtelike geboorte en deur albei ouers wanneer die buite-egtelike kind gewettig word en deur albei ouers in geval van aanneming (Van der Vyver en Joubert 1980:515). Ouergesag berus op die bevoegdheid of kompetensie om:

- (a) ’n regs subjek te kan wees (om regsbevoeg te kan wees) dit wil sê die bevoegdheid om die amp van ’n regs subjek (soos een van ouerskap) te kan beklee en om die regte en verpligtinge wat daaruit voortspruit te kan besit.

(b) 'n juridiese handeling te kan verrig, d.w.s. 'n regmatige of onregmatige ('n regmatige handeling is in ooreenstemming met die voorskrifte van die reg en 'n onregmatige handeling is in stryd daarmee) (Van der Vyver en Joubert 1980:4,5).

Ouergesag kom ter sprake ten aansien van:

- (a) Die persoon van die kind
- (b) Die boedel van die kind
- (c) Die regsopptredes van die kind
- (d) Die benoeming van voogde

Ouergesag met betrekking tot die persoon van die kind behels

- (a) Die plig om huisvesting te voorsien
- (b) Die plig om voedsel, kleding en geneeskundige hulp te voorsien
- (c) Die opvoedingsplig
- (d) Die plig om die kind te beskerm ens.

Die reg, aldus van der Vyver en Joubert (1980:522), omskryf hierdie plig van die ouer soos volg:

Die ouers moet aan die kind 'n behoorlike opvoeding besorg en dit behels die skoling van die kind op verskeie terreine met die doel om hom geestelik, moreel en kultureel vir sy rol as volwassene voor te berei. Dit behels die volgende:

- (a) Die ontwikkeling van die kind se liggaam.
- (b) Die vorming van die kind se karakter. Die kind moet goeie karaktereenskappe aangeleer word soos byvoorbeeld eerlikheid.
- (c) Die ontwikkeling van die kind se verstand. Dit vereis dat die ouers die kind die nodige onderrig moet verskaf om hom vir 'n beroep voor te berei.
- (d) Die godsdiensoonderrig van die kind.

(e) Die kulturele vorming van die kind.

Die plig van die ouers in die bogemelde verband gaan gepaard met die kompetensie (bevoegdheid) om die verskillende aspekte van die kind se opvoeding te reël. Die ouers kan byvoorbeeld besluite oor welke skool die kind moet besoek, die soort opleiding wat hy moet ontvang, die metode wat aangewend moet word om hom op te voed, die kerk wat hy gaan besoek, die soort godsdiensoonderrig wat hy moet ontvang, ens. neem. Hierdie kompetensie moet die ouers egter redelik uitoefen in belang van die kind (Van der Vyver en Joubert 1980:523).

Die vraag is nou of die landswette en ordonnansies in verband met die regte van die ouer met betrekking tot die skoolopleiding van sy kind waarlik reg laat geskied aan die ouer se Gemeenereg. Die algemene indruk is dat daar 'n wanindruk by ouers bestaan dat die regte van die ouers slegs tot die regte en gesag t.o.v. die sake wat in die ordonnansies genoem word, beperk is.

Die Gemeenereg bepaal byvoorbeeld dat die ouer verplig is om alles in verband met sy kind se opvoeding in die beste belang van die kind te reël. Die vraag is nou hoe hy dit kan reël as hy nie die Reg ken nie; nie insae in die onderwyspraktyk het nie; nie inspraak in die wesenlike sake kan lewer nie, ten einde 'n beter reëling te tref nie. Hierin moet die ouer egter redelik wees, deur altyd in belang van die kind op te tree. Dieselfde vraag kan ten opsigte van die onderwyser gestel word wat in die plek van die ouer moet optree en sodoende medegesagdraer word. Word die ouer as die natuurlike, oorspronklike,

primêre en hoof gesagdraer deur die ordonnansie en regulasies toegelaat om sy opvoedingsplig teenoor die kind na te kom? Hoe sou dit kon gebeur indien hy nie betekenisvol met die onderwyser kan onderhandel oor leerstof, onderrigmetodes, die gees en rigting van die onderwys en dergelike aspekte nie.

Wat vir die ouer ten opsigte van sy opvoedingsplig teenoor die kind geld, geld net so vir die onderwyser wat in die plek van die ouer gedurende skoolure optree. Die ouer word dan medegesagdraer met betrekking tot die kind se opvoeding, veiligheid en ander relevante sake. Die skool is net soos die gesin bevoeg om op sy terrein reg te skep en toe te pas (Van der Vyver en Van Zyl 1972: 91-94). Alle skole in 'n streek of provinsie is egter aan dieselfde reëling (ordonnansie) wat op 'n hoër bestuursvlak gemaak word, onderworpe. Binne die breë riglyne van so 'n ordonnansie of regulasie kan dit sy eie regsreëlings en beleid vorm – afhangende van hoe die skool bereid is om die algemene ordonnansie te vertolk. So sou een skool met betrekking tot ouerbetrokkenheid meer oop wees as ander.

Die onderwyser se gesag behels ook sy regte en pligte. Sy professionele bevoegdheid moet byvoorbeeld erken en eerbiedig word. Die punt is egter dat sy outonomie nie so vertolk en omskryf moet word dat daar van die ouer se reg ten opsigte van sy kind se skoolopvoeding nie veel tereg kom nie. Beide die huisgesin en skool is soewerein in eie kring, maar die een is nie minderwaardig teenoor die ander nie. Albei moet erken en gelykwaardig eerbiedig word.

Opvoedingsverantwoordelikhede: die ouer en sy Vennote

Geneem uit: Ouer, u kind, deur prof. BC Schutte en dr IP Scholtz, uitgegee onder beskerming van die KKCOA en redaksioneel effens verwerk

1. Opvoedingsverantwoordelikhede van die ouer

Wanneer die verskillende aspekte van die ouer se opvoedingstaak toegelig word, moet hierdie aspekte altyd gesien word teen drie kernwaarhede, naamlik dat die huwelik, die huisgesin en die opvoedingstaak van die ouer voortkom uit die skeppingsordinansie van God, dat die grondslag van al die gesindhede by die kind in sy (ouer)huis gelê word; en dat die voorbeeld van die ouer altyd 'n magtige opvoedingsmiddel is.

1.1 Huwelik, huisgesin en opvoedingstaak as skeppingsplan van God

Ouers het by die doop van hulle kind(ertjies) onderneem om hulle in die vrese van die Here te onderrig of te laat onderrig. Te veel ouers skuil egter agter die "laat onderrig". Die kind word kerk toe gestuur en skool toe gestuur, maar die ouer kom self nooit in die kerk of by die skool nie. Dit is 'n ydele droom om te verwag dat die kind as volwassene dan 'n meelewende kerkganger sal wees. Deur voorbeeld en gesindheid alleen kan ouers hulle kinders reg opvoed. Die gesin is die eintlike 'bodem' van die opvoeding van die kind wat sal bepaal wat daarin sal wortelskiet en wat nie. Daarom kan die skool of ander inrigtings nooit ten volle daardie plek inneem nie, omdat hulle almal die intieme, natuurlike verbondenheid van ouer en kind ontbeer. Daar kan geen blywende en doeltreffende plaasvervanger vir die gesin gevind word nie.

Niemand kan die ouer se plek inneem nie, maar daar is tog ouers wat nie net onkundig is om hulle kinders op te voed nie, maar ook onbevoeg, onverskillig

en selfs onwillig. Juis omdat die ouer so onvervangbaar is, is dit 'n dringende vereiste dat volksopvoeding op 'n ongekenende skaal moet plaasvind. Ouers moet oor opvoeding voorgelig word. Keyter (opvoedkundige) het, om die belangrikheid van die gesin aan te dui, eens gesê: "Sonder die gesin sterwe die siel van 'n volk, sonder die gesin word die opvoeding van sy siel beroof". Die redding en heil van die gesin en van die Afrikanervolk lê in sy kinderlike geloof en vertroue in Jesus Christus en in die daaglikse beoefening van huisgodsdienste. Die Afrikaner op sy knieë in aanbidding is die Afrikaner op sy beste.

1.2 Grondslag van gesindhede by die kind word in die huisgesin gelê

Van die kind se geboorte af word hy deur sy gesin beïnvloed. Die grondslag van al die gesindhede by die kind word in sy (ouer)huis gelê. Deurdat kinders in hulle ouers glo, aanvaar hulle hul ouers se optredes, idees en godsdienstige en ander gesindhede. Teen die kind se vyfde jaar is daar reeds gedrag en gewoontes gekweek en blywende indrukke, reg of verkeerd, by hom/haar vasgelê wat 'n diepgaande invloed op sy/haar latere lewenshouding en beskouings sal hê

As daar nie gesag en orde in die huisgesin heers nie, sal die kind moeilik gesag buite die huis erken en aanvaar. As daar nie aan die inskerping van karaktertrekke soos arbeidsaamheid, vlytgheid, eerbiedigheid, eerlikheid, bedagsaamheid, lojaliteit ens. aandag gegee word nie, het die skool 'n tevergeefse taak om die kind tot volle persoonlikheidsontwikkeling te bring. Sindelikheid, netheid en

reinheid moet hulle oorsprong in die huis vind. Waardering vir die skoonheid van die natuur, die dierelewe en die plantegroei, vir die goeie boek, tydskrif en skildery, vir die mens en sy menswaardigheid, ja alles, vind sy grondslag in die huisgesin. Van hierdie verantwoordelikheid kan die ouer nooit loskom nie.

1.3 Die voorbeeld 'n goeie opvoedingsmiddel

Baie van die hedendaagse klagtes en kommer oor gebrekkige belangstelling van die jeug in belangrike sake, asook die sogenaamde ouderdomsgaping tussen die jeug en die volwassene kan aan dubbele standaarde en oneerlikheid in die ouer se handeling teenoor hulle kinders toegeskryf word. Die ouerlike lewenshouding en lewenswandel mag nie onderskat word nie. Woorde wek, maar voorbeelde trek. Woorte dwing, maar dade dring. Dis nie hy wat "Here Here" sê nie, maar die wil van die Vader doen.

2. Die ouer se opvoedingstaak histories gesien

In tydsorde is die huisgesin die eerste opvoedingsgemeenskap. Dit was, histories gesien, daar nog voordat die skool daar was. Alle opvoeding het deur middel van die ouers in die huisgesin plaasgevind. Hulle het die kennis, tradisies en die kultuur van die voorgeslag oorgedra. Soos die kultuurtaak groter geword het, het die ouerhuis die oordrag al hoe minder kon behartig en moes instellings gevind word wat hiervoor toegerus was. So het die onderwysberoep en die skool ontstaan. Onderwysers is deur ouers aangestel en betaal en waar een huisgesin dit nie

kon bekostig nie het 'n paar huisgesinne saamgewerk. Die opvoedingsplig het steeds op die ouers gerus ten spyte van hulpkragte, wat die gees en rigting van die skool bepaal het. Later het die kerk en die staat as vennote toegetree.

Afgesien egter van die opvoedingstaak van die kerk en die staat, is die huisgesin die deur God-gegewe opvoedingsinstelling met 'n eiesoortige opvoedingstaak wat deur God self aan die ouers opgedra is (vgl Deut. 4). Gedurende die skooljare neem die ouer se onderrigende rol wel af, maar die ouers bly steeds die opvoeders in die mees pregnante sin van die woord. Die taak en verantwoordelikheid as die vernaamste opvoeder kan die ouerhuis nooit afsweer nie.

Ouers moet hulle kinders opvoed in die vrese van die Here en in die kennis van sy weë. Elke vader is deur God geroepe om sy huisgesin te onderrig in die waarheid van die Helige Skrif as onfeilbare Woord van God. Die goddelike opdrag in Deut. 6:4-6 is duidelik: "Hoor Israel die Here onse God is 'n ewige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart, en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in

jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan."

3. Godsdienstige opvoeding

Deurdat die Bybelse huwelik 'n instelling van God is, het die gesin o.a. 'n godsdienstige funksie, in die lig waarvan gehandel moet word. Daarom moet die huisgesin sorg dat sy lede vas aan hulle ankers bly. Die grondslag vir die diens aan God kan nêrens beter gelê word nie as in die Christelike huisgesin, omdat die Christenlewe dáár begin. Waar die godsdienstige lewe in die huis nagelaat word, het dit nadelige gevolge vir ondermeer ook die kerk, die staat, die bedryf, die universiteit en die res van die samelewing.

Kinders moet van vroegs af geleer word dat hulle eerbeid vir God, sy Naam en sy gebod moet hê. Hulle moet tot geloof in sy bystand en beskerming en tot redding deur Jesus Christus gelei word. Tesame met die regte atmosfeer wat daarvoor in die huis geskep moet word, moet die ouers self ook 'n egte geloof in God en sy Woord hê. Ouers moet genoegsame tyd aan godsdienstige opvoeding bestee, want wie hierdie saak verwaarloos ter wille van ander belangrike werk, verwaarloos die belangrikste van hulle werk.

Verbondskinders moet van kleinsaf in die lewe van hulle

ouers ervaar hoe hulle gereeld, eerbiedig en spontaan, maar met opregtheid, met die Woord van God omgaan en in die gebed tot hom tree. Ten einde die regte godsdienstige klimaat in die huis te skep, is dit nodig dat vader en moeder moet besef dat hulle 'n gesamentlike opvoedingstaak het. Hulle vul mekaar aan, en dit is noodsaaklik dat hulle dieselfde oogmerke sal hê, dieselfde ideale nastreef en gedurig met mekaar oorleg pleeg.

4. Gesag, tug en dissipline

Daar moet ouerlike gesag in die huisgesin wees. Die doel daarvan moet wees sodat kinders tot volwassenheid gelei word. Verstandige ouers sal die uitoefening van gesag met veel takt, liefde, eerlikheid en regverdigheid toepas. Dit vereis dat ouers met sekerheid, wilskrag en selfvertroue optree, wat aan hulle kinders nie slegs 'n besef van sekerheid gee nie, maar dat hulle ook agting en respek vir hulle ouers sal hê.

Waar die godsdiens in die huisgesin tot sy reg kom sal die tug ook sy regmatige pek hê. Die Bybel bevat talle verwysings na tug o.m. Spreuke 3:12 "Want die Here tugtig hom wat hy liefhet, ja soos 'n vader die seun in wie hy behae het". Die grondslag van die tug berus op die liefde: die liefde tot God en die liefde tot die naaste.

Vervolg van bl. 9: Die betekenis van 'n Bybelse mensbeeld vir Christelike opvoeding

in gehoorsaamheid buig voor die Koning van hemel en aarde.

Die religieuse wortelverhouding van die Christus-herbore hart van die gelowige het dus die voorkeur in al ons verhoudinge. Dit staan ten opsigte daarvan soos die verhouding van die wortel van 'n boom tot sy takke, sy blare en sy vrugte. Dit word in ons verhouding tot ons naaste en die skepping telkens herhaal, weerspieël en gekonkretiseer.

"Zo zijn wij dus ook in onze verhouding tot de natuur en tot de naaste tegen wil en dank steeds bezig met onze verhouding tot God, die de centrale en fundamentele relasie onze leven is" (Berkhof, 1980: 31-32, *Wat is de mens?*).

Ons verwys die leser hier na twee Skrifgedeeltes wat die belang van verbonds- of christelike onderwys onderstreep nl. Deut. 6:4-6 en 2 Tim. 3:14-17.

In hierdie gedeeltes gaan dit om God se verbondsmens wat toegerus moet word om binne al sy lewensverbande sy roeping as burger van God se koninkryk uit te voer. Die Bybel (Woord van God) vervul hierin die onmisbare rol.

Ps 8:5-7

⁵wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? ⁶U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. ⁷U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel.

Die huwelik in Bybelse perspektief

Hierdie bydrae geneem uit: Die selfmoord van 'n nasie, deur ds JW Jansen van Ryssen, ds JH Kruger en dr BJ de Klerk en redaksioneel verwerk

Hierdie is 'n vervolg op die deel wat in die uitgawe van April 2019 verskyn, en met die eerste par. hieronder geëindig het:

2. Die huwelik

(b) Die doel en idee van die huwelik

Die bou van die menslike geslag is dus ook 'n saak van godsdienstige betekenis. Die geestelike en die natuurlike, die ewige en die tydelike vloei hier saam tot een doel. Die kinderseën hou verbond met die Kerk. Die bou van die gesin, die groei van die geslag, is die uitbreiding van die heilige, algemene Christelike Kerk wat die Seun van God van die begin tot die einde vergader. Uit die geskiedenis van die Ou Verbond kan ons leer. Die drang om 'n huwelik aan te gaan was by die patriage nie in die eerste plek die behoefte aan seksuele omgang nie, maar die sorg vir die geslag. Geen swaarder smart, geen pynliker skande as kinderloosheid. Die onvrugbare het hom of haar soos 'n dooie gevoel, 'n nuttelose. Daarom het, by die kinderlose sterwe van die man, op die broers van die oorledene die plig gerus om die weduwee by hom te neem, ten einde die geslag te bou (Deut. 25:5; Mt. 23:23-25). By Israel was die vreugde in die vrugbaarheid nie 'n verskynsel van suiwer lewenslus nie. Israel het die vrugbaarheid liefgehad omdat dit God, die Fontein van die Lewe liefgehad het. Israel het in die kinders ook die tekens gesien dat God sy volk liefgehad het. Dit het gejuig by die aanskouing van die kinderskat as die vervulling van die beloftes van die verbond.¹

God wil hom van die geskape oorsake bedien, en het aan die mens die eervolle taak gegee

1 Wielenga, a.a., p. 136.

om deelgenote te word in die Goddelike skeppingswerk. Die mens is immers nie daar om en vir homself nie; die mens is daar om God in sy geskape wêreld te dien. God lei die wêreld na sy voorgestelde doel. Daartoe het Hy sy Goddelike gebod laat uitgaan, en daartoe het Hy die huwelik in die realisering van sy gedagtes opgeneem. Daar deur vergader Hy vir Hom 'n gemeente, uit alle geslagte, nasies en volke. Daarom word die gehoorsaamheid in die huwelik aan die voortbrenging van kinders deur die Apostel saligheid genoem.²

Hoe kan hulle wat God liefhet, aan die Goddelike gebod ongehoorsaam wees!

Die voortplanting bring ook *opvoeding* mee. God het die ouers nie alleen gekies as medewerkers by sy skepping nie, maar Hy het hulle ook opgeneem in die plan van sy voorsienigheid. Vir die kroos wat hulle in die wêreld gebring het, is vader en moeder van die onsigbare Voorsienigheid die sigbare verteenwoordigers. So roep God man en vrou in die huwelik tot die hoë waardigheid van sy direkte medewerkers in die skepping en onderhouding van nuwe menslike lewens.³

Ons huweliksformulier druk dit so mooi uit: Ten tweede moet deur die huwelik die menslike geslag gebou word, en moet die ouers hulle kinders, as dit God behaag om hulle dié te gee, opvoed in die ware kennis en vrees van God tot sy eer en hulle saligheid.

Ons kan dus met reg van tweërlei doel van die huwelik spreek. Die eerste is 'n persoonlike: Die eenheid van man en vrou as lewensvolkomenheid. In die egtelike verkeer word volgens

2 Honig, t.a.p., p. 117.

3 Honig, t.a.p., p. 115.

Gods Woord aan man en vrou 'n middel gegee om saam één vlees te word, die hoogste uitdrukking van geestelik-liggaamlike vereniging. Na bewuste geestelike kant is die geslagsdaad van nature uitdrukking van geneentheid. In die loop van die huwelik kom dikwels die behoefte voor, nie altyd uit seksuele aandrift nie, maar uit die verlange om, met die oog op wat saam deurlewe is, hetsy iets goeds of iets kwaads; met die oog verder op wederkerige geneentheid, liefde en vriendskap, steeds weer opnuut hierdie geestelik-liggaamlike gemeenskap te beseël en daartoe dien ter nouernood iets beters, as juis die egtelike samekoms.⁴ Dr A Dupont beskrywe die geestelike kant van die geslagsdaad as volg: "Het sexueele verkeer in den echt is een factor, waarvan de beteekenis verre uitgaat boven de bevrediging van zinnelijke behoefte. Het is de uitdrukking der teedere gevoelens, de bron van onderhouding en versterking dezer gevoelens en daarmede der zielen-gemeenschap der echtgenooten. Bij het zuiver zinnelijke genot heeft zich het idieele gevoegd: bewustzijn van de vereeniging met en van overgave aan het geliefde wezen. Dit geeft aan het sexueele verkeer wijding."⁵

Die tweede doel kan ons die bo-persoonlike doel noem. Die geslagsdaad het in sy volkome vorm die bevrugting as innerlike bo-persoonlike doel.

Die ongelowige beskou die huwelik enkel as 'n kameraadskap tussen twee persone, man en

4 Honig, t.a.p., p. 116. Vgl. ook A Dupont: *Het Huwelijk – Geneeskundige wenken voor Gehuwden en verloofden*. Kampen, 1913, p. 133.

5 A.w., p. 134.

vrou. Die getroudes self is die doel van die band en dus bepaal hulle willekeurig of hulle omgang gevolg sal hê tot die ontstaan van nuwe wesens. Hierin kan wel 'n diepere beleving van die persoonlike doel gevind word, maar daarby word 'n volstreekte miskenning van die bo-persoonlike doel geopenbaar.

Hierdie bo-persoonlike doel moet deur die Christen met groot eerbied beleef word. God het man en vrou so geformeer dat hulle kan vermenigvuldig. En die mensheid het die *plig* om te vermenigvuldig. Want die gebod van God lui: "Wees vrugbaar en vermeerder." Die plig tot vermenigvuldiging van die menslike geslag vloei onverbiddelek voort uit die *bevel* van God en die bevel geld die mensheid as mensheid. Dit is dus 'n bevel van die hoogste redelikheid. Dit het sy doel nie in die individu wat paar nie, maar in die menslike geslag wat gebou word.⁶

Dit kan nie ontken word nie dat ten opsigte hiervan daar 'n groot tekort bestaan aan eg-christelike lewensgevoel!

Dr Koning sê: "Wy mogen principieel het krygen van kinderen niet opvatten als een particuliere aangelegenheid der gehuwden. Wij kregen van Gods wege het groote voorrecht om mede werksaam te zijn in Zijn voorgesteld doel met Zijn schepping Zijn gebod spreekt hier onomwonden en onverduidelijk."⁷

Direk by die aangaan van 'n huwelik, moet die mens daarom bó 'n ongeoorloofde individualisme uitgaan. Dit hang nie van ons opvatting oor die lewe in die algemeen af nie. Ons kan nie voorsien nie. Ons kan en mag ook nie in 'n wetenskaplike aanvegbare vrees vir oorbevolking⁸ hierdie bevel

6 Honig, t.a.p., p. 116.

7 T.a.p., p. 117.

8 Vgl. die voorafgaande artikel van ds. Jansen van Ryssen.

verontagsaam nie. Uit geen enkel motief van mensheidswaardering mag ons dit doen nie. God het beveel, Hy sal voorsien! "Opdat wij de belangrijkheid zouden voelen, heeft God het bevel tot vruchtbaar zijn niet uitgesproken *over den mensch*, maar rechtstreeks gericht *tot den mensch*," sê dr Wielenga en vervolg: "Waar het de dieren geldt lezen wij alleen: 'God zegende ze aldus.' En dan volg: 'Weest vruchtbaar' (Gen. 1:22). By den mensch lezen wij: 'God zegende hen en God zeide tot hen: Weest vruchtbaar' (Gen. 1:28)."⁹

Is daar 'n heerliker en verhewener lewenstaakasommedewerksaam te wees in Gods bedoeling met sy wêreld en om so tot Gods verheerliking in sy geskape wêreld sy medewerkers te wees. Hier kry ons andermaal 'n insig in die mistieke lewensgeheimenis van die huwelik. Uit die volheid wat die liefde in die huwelik ontvang wens God die realisering van sy skeppingsgedagtes.

Laat ons, as getroudes, met diep Christelike erns daarvoor nadink wat dit beteken om uit gehoorsaamheid onself te verplig tot medewerksaamheid in die bou van die mensheid en so ook van die Godsryk, en altyd in gedagte hou die Gods Woord wat die profeet, Samuel, eenmaal gespreek het: "Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffers, om te luister beter as die vet van ramme. Want wederstrewigheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beelddiens" (1 Sam. 15:22, 23).

Laat ons ook ag gee op die vermaning van die Apostel Petrus: "Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat vantevore in julle ontwetenskap bestaan

9 A.w., p. 135.

het nie. Maar soos die Heilige wat julle geroep het, moet julle ook in julle lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus" (1 Petr. 1:13-19). Ons is immers vondelinge in Gods genadeverbond en ons verbondsroeping en taak is om "alles wat die Here gespreek het te doen en daarna te luister" (Ex. 24:7). Die beproefdheid van ons geloof sal daaruit blyk as ons in alles gehoorsaam is (Vgl. 1 Kor. 2:9).

Die huwelik is 'n Goddelike gawe en hierdie geskenk van God werk vanuit 'n *positiewe* beginsel: 'n heilige plig, uit die verrukkende besef van groter en ryker lewensmoontlikhede, van gemakliker lewensaanvaarding en ruimer lewenswerksaamheid, van lewe wat bestraal word met 'n innige blydskap oor 'n oorwonne eensaamheid.¹⁰

God is besig om sy heilsgedagtes in die geskiedenis van die mensheid te verwesenlik. Nie so dat Hy sy doel verwesenlik ten koste van die enkeling nie – wat 'n absurd-sondige gedagte wat ingeblaas word deur Satan en gepreek word deur die sedelike-apostels van 'n ontkerstende moderne mensheid – maar deur die grootste volheid van die menslike geluk heen volvoer Hy sy Raad as 'n Raad van liefde.

En dit is sigbaar vir die geloofsoog van die Christen, ondanks alle verduistering waarmee die sonde ons verduister het. Hoe onsigbaar dit soms vir ons in *Vervolg op bl. 17*

10 Honig, t.a.p., p. 122.

Christelik-nasionale onderwys in Suid-Afrika

Geneem uit Padlangs met die Pedagogiek, deur prof. P Pistorius

Toe die verversingstasie aan die Kaap gestig is, was die Tagtigjarige Oorlog (Nederland) teen Spanje pas agter die rug. Dit is dus begryplik dat die religieuse dryfkrag agter die Nederlandse uitbreiding van daardie tyd die Protestantse geloofsoortuiging was. In die woorde van Jan van Riebeeck se gebed is die nedersetters dan ook geroep om te sorg dat “de Justitie gehandhaeft ende onder dese wilde, brutale menschen, mogelijk sijnde (de) ware gereformeerde Christelijcke Leere metter tijt mochte voortgeplant ende verbreyt worden ...”

Die noue band tussen opvoeding en die Protetstants-Christelike geloofsoortuiging is verder versterk deur die toevoeging van die Franse Hugenote tot die Kaapse bevolking. Die verdere geskiedenis, veral op trek die binneland in, het die Afrikaner se vertroue op God gestaal en dit 'n integrale deel van sy lewensbeskouing en volkskarakter gemaak. Godsdien en die onderwys het vir hom onafskeidbaar geword en die kerk was dan ook vir die onderwys verantwoordelik. As keersy hiervan het die onderwys hoofsaaklik kerkklidmaatskap ten doel gehad.

Onder invloed van die gedagtes van die Franse Revolusie wat aan die begin van die 19de eeu die Europese denke verower het, wou kommissaris De Mist hierdie band losser maak. Die onderwys moes verruim word en die *staat* in plaas van die *kerk* moes daarvoor verantwoordelik wees. Weens die Britse oornam van die Kaap in 1806 kon sy gedagtes egter nie onder Nederlandse bewind ten uitvoer gebring word nie.

Nadat die denkrigting aan die Kaap tydens die eerste 150 jaar van sy bestaan aan dié in

Nederland gebind was, loop die parallel met die moederland nou ten einde. Brittanje wend doelbewuste pogings aan om die Afrikaner-koloniste deur middel van die onderwys te verengels, asook deur godsdiensonderwys uit die kerk se hande te neem en dit daarby van dogma te ontdoen. In 1865 is godsdiensonderwys selfs heeltemal uit die skoolleerplan geskrap. Die godsdien en die taal van die koloniste moes albei uit die skool verdwyn om die beoogde denasionalisering te bewerkstellig.

Teen hierdie bedreiging van sy voortbestaan as afsonderlike nasionale groep het die Afrikanervolk met die stigting van die C.N.O.-privaatskole die stryd aangeknop. Hierin het die kerk 'n leidende aandeel geneem. Hierdie verset was intens en so suksesvol dat mense verkeerdelik geneig is om daarin die geboorte van die C.N.O.-gedagte te sien en die C.N.O. dus uitsluitlik as 'n versetbeweging beskou. Dit is egter nie die volle waarheid nie.

Die Christelike en nasionale lewensbeskouing lê naamlik in die hart van ons volk self en was ons dryfkrag van ons eerste begin af. Reeds in die Vryburgers se vasberadenheid om vry te wees, reeds in die verset teen die dwingelandy van W.A. van der Stel, reeds in die veeboere se trek die binneland in, lê die drang na selfbeskikking as kiem van eie nasieskap. Die fondament en vertroue daarvoor vind die Afrikaner in die Skrif, in die oortuiging dat hy in hierdie land 'n taak het wat deur God self aan hom opgelê is. Toe verengelsing sy voortbestaan as volk bedreig het, het hy slegs duideliker bewus geword van sy lewensbeskouing en dit aangegryp as wapen in die stryd om aan sy roeping

getrou te bly. Die Christelike en nasionale gedagte, toegepas op die onderwys as middel om die nasie te vorm, het nie uit verset ontstaan nie: *dit was van die geboorte van ons volk af altyd daar.*

Deur die Kolonie te verlaat ontkom die Voortrekkers tydelik aan die denasionaliserende Britse invloed en hulle bou hulle onderwys in die binneland ooreenkomstig die tradisionele Christelike en nasionale beginsel uit. Hulle word die ‘eenboekvolk’ met die ‘eenboekskool’ en die ‘eenboekmoraal’. Onder Du Toit en Mansvelt word die C.N.O. in die Zuid-Afrikaansche Republiek 'n belofteryke en besielende stelsel.

As predikant verbind Du Toit kerk en onderwys heg aan mekaar. Op grond van tekste soos Mattheus 28:19, Johannes 21:15-17, Handeling 4:2 en Efesiërs 4:11 maak hy die kerk vir die onderwys verantwoordelik. In die Middeleeue het die Rooms-Katolieke Kerk alle lewensgebiede beheer, maar die Protestantse Kerk het hom geleidelik onttrek aan ondernemings wat nie direk met die kerk in verband gestaan het nie. Du Toit se benadering was dus eintlik in stryd met die Protestantse opvatting. Gesien die agtergrond van die opkoms van die C.N.O.-stelsel in die Brits-beheerde Kaapkolonie, is dit egter begryplik dat die kerk die onderwys ten behoeve van die volk se voortbestaan sou aangryp: die kerk was die enigste liggaam waardeur die bedreigde Afrikaner *in georganiseerde verband die stryd kon aanknoop.* *Dit was egter 'n benadering wat uit die nood van die tyd gebore is en was nooit 'n blywende element van die C.N.O.-gedagte nie.* Die Kerkhervorming stel

juis die enkeling persoonlik verantwoordelik, en daarom is dit die ouer en nie die kerk nie wat vir die onderwys verantwoordelik moet wees. Nadat die C.N.O.-stelsel in die Transvaal gevestig is, laat Mansvelt die klem dan ook weer sterker op die *ouerinisiatief* val.

Transvaal se bloeiende C.N.O.-stelsel word aan die begin van hierdie eeu (20ste – red.) deur die Briste verowering van die Boererepublieke vernietig. Na 'n kort tyd van positiewe groei breek daar nou weer 'n era aan waarin die Christelike en nasionale gedagte op die verdediging staan en aangegryp word om die volk se voortbestaan te probeer bewaar. Dit is dan ook begryplik waarom van die vooraanstaande C.N.O.-leiers van dié tyd eertydse Boeregeneraals was.

Die C.N.O.-verset was so geslaagd dat die Smutswet van 1907 tot 'n sekere mate 'n kompromis met die C.N.O.-beginsels verteenwoordig; 'n beskeie plek aan die moedertaal in die leergang en nie-dogmatiese godsdiensonderwys op skool word in die wet opgeneem. Die laaste is dieselfde gedagte van 'n Christendom bo geloofsverdeeldheid wat reeds deur De Mist beoog is: dit behou die Bybel maar skakel die leerstellige onderwys uit wat vroeër 'n belangrike of selfs die belangrikste deel van die onderwys was.

Dit sou egter verkeerd wees om

te meen dat die C.N.O.-gedagte met die aanname van die Smutswet andersins prygegee is. Enkele bittereinders het die stryd voortgesit en doen dit vandag nog in die oortuiging dat die staatskool nie werklik aan die Christelike beginsels reg kan laat geskied nie. Maar ook diegene wat hulle met die strewe na staatsbeheerde openbare onderwys vereenselwig het, het die Christelike en nasionale gedagte voortgedra en uitgebou. Die C.N.O.-gedagte is die dryfkrag van alles wat die Afrikanervolk in toewyding en roepingsbewustheid onderneem: dit is 'n bouplan, en slegs wanneer die volk belemmer of bedreig word, word dit 'n versetwapen.

Na sy diepte is die Christelike en nasionale beweging nie hoofsaaklik op die voortbestaan van die enkeling gerig nie, maar veral op dié van die volk. Hierdie feit grens hierdie lewensopvatting skerp af van die heersende liberalisme met sy klem op onverbonde individualiteit. Na 1902 was die Afrikaner se individuele voortbestaan nie meer in gevaar nie maar wel sy voortbestaan as volk, en dit is om die behoud van die volk dat die stryd aangeknoop is, dikwels met groot opoffering deur individue.

Die Christelike en nasionale oortuiging is naamlik veel meer as 'n onderwysfilosofie wat na willekeur aanvaar of laat vaar kan word. Dit is die geestelike fondament van die volk self; dit weerspieël sy

verbondenheid met sy Skepper en sy medemens in sy besondere vaderland; dit is 'n uiting van sy roepingsbewustheid en trou, van sy geloof en vasberadenheid. Vanselfsprekend werk dit in die onderwys en opvoeding die mees omvattende deur, want dis immers dáár waar die mens onomwonde verklaar wat hy as die lewenswaardevolle beskou.

So gesien was dit nie net verstaanbaar nie, maar ook onvermydelik dat die Christelike en nasionale gedagte in die Republiek se grondwet en in die fundamentele onderwyswet, Wet 39 van 1967, uitdruklik vervat sou word, nie as beleid waarop na logiese oorweging van buite besluit is nie, maar as noodwendige uitkristallisering van die diepste oortuigings wat van die begin af ons volk rig en *waaronder ons sou ophou om as hierdie besondere volk voort te bestaan (naas andere – red.)*.

Op die opvoeder rus 'n duielingswekkende verantwoordelikheid: hy is medebouer aan die kultuur van sy volk en medeverantwoordelik vir die behoud en uitbouing van die Christelike beskawing. Ooreenkomstig die Christelike lewensbeskouing waaraan ons volk en sy onderwys sedert ons ontstaan verbonde wou bly, strek die opvoeder se verantwoordelikheid selfs nog veel verder: deur sy werk bevorder of belemmer hy die uitbreiding van God se koninkryk in hierdie land.

Vervolg van bl. 15: Die huwelik in Bybelse perspektief

donker tye kan wees, ons moet daaraan uit gehoorsaamheid vashou. Eindelik, uiteindelik, al moet dit ook deur die gruwel van die verwoesting heengaan, bring God die geskiedenis tot die punt van hoogste volkomenheid, wanneer God alles in almal sal wees.¹¹

Dit is eenvoudig ontstellend hoe die onmagtige individualisme van ons tyd ons van hierdie e-christelike lewensbeskouing wat deur alle eeue heen erken en eerbiedig was, afgebring het. As alle opstand teen die ellende van die sonde maar in ons plek gemaak het vir die liefde tot God en

tot onuitspreeklike dankbaarheid jeëns Hom, kan dit nie anders nie of hierdie blye gevoel word weer in ons herbore, en ons verheug ons met eerbiedige erkentlikheid daarin as ons van God 'n groot gesin mag ontvang.¹²

(Word vervolg)

11 Honig, t.a.p., p. 126.

12 Honig, t.a.p., p. 118.

Voormalige Prof. van die Kaap/Stellenbosch weerstaan felle teenkanting van evolusionisme ter wille van sy geloof

Redakteursbydrae

In 'n opspienbarende onthulling deur 'n geëmeriteerde professor vroeër van Kaapstad en Stellenbosch, is aan die gehoor van 'n konferensie sy beleving van die benadering van die voorstanders van evolusionisme meegedeel. Die konferensie het op 6/7 Maart in Bloemfontein plaasgevind, waartydens prof. Walter Veith oor godsdienverskille en die gevolge wat dit veral vir Europa ingehou het, gepraat het. Prof. Veith het in die inleiding tot sy lesing ook verwys na die ervaring wat hy met die evolusionisme aan die gemelde universiteite gehad het. Prof. Veith het vantevore, as departementshoof, Soölogie gedoseer, en was later professor van Mediese Bio-Wetenskap aan die Universiteit van die Wes-Kaap. Hy het sy doktoraat aan die Universiteit van Kaapstad verwerf en was vir bykans 20 jaar dosent aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het nie gekroom om die Bybels-wetenskaplike uitgangspunt te handhaaf nie. In reaksie daarop het hy met die felste teenkanting van die evolusioniste te doen gekry. Prof. Veith het gedurende sy aanbieding oor sy beleving van die evolusionisme aan gemelde universiteite uitgewy.

Komende van iemand wat hierdie vakgebied gedoseer het, is dit 'n veelseggende getuienis, aangesien dit veral op die gebied van die biologie is waar die evolusioniste hulle sterkste aansprake probeer maak. Prof. Veith se mededelings dien as 'n bevestiging van die strydpunt tussen evolusionisme en skeppingsleer, waar dit juis t.o.v. die oorsprong en ontwikkeling van die onderskeie soorte is dat die weë uiteengaan.

Evolusionisme en skeppingsleer staan teenoor mekaar, aangesien die (religieuse) uitgangs-/vertrekpunte hoegenaamd nie te versoen is nie.ⁱ Volgens prof. Veith se waarneming is die evolusionisme vir die voorstanders daarvan soos 'n 'godsdien', waarvan die uitgangspunte nie bevraagteken mag word nie. Wanneer dit wel gebeur, word gevind dat die evolusioniste fanaties daarop reageer, net soos in die geval van sekere ander godsdienste in die wêreld vandag. Hy het dit eerstehands aan die gemelde universiteite beleef, deurdat hy self in die spervuur gekom het.

Prof. Veith kom uit 'n agtergrond van (soos deur homself erken) volslae ateïsme, wat van hom op 'n vroeë ouderdom van sy lewe 'n wantrouige persoon teenoor die God van die Christendom gemaak het. Deurdat hy ook uit 'n Rooms-Katolieke religieuse agtergrond kom het hy later in sy lewe die Katolieke geloof aanvaar. Prof. Veith getuig egter self dat dit nie aan hom gemoedsrus/klarigheid gegee het, sover dit sy persoonlike lewe aangaan nie. Die Rooms-Katolieke leer oor die verdienstelikheid van die mens het hom nie tevrede gestel wat sy eie posisie as sondaarmens betref nie. Die persoon van Jesus Christus word wel deur die Rooms-Katolieke geloof erken,

ⁱ Die evolusionisme beperk dit egter nie net tot 'n bepaalde studieveld van die werklikheid soos die Soölogie nie. Hulle aansprake gaan verder as, bv. net die biologie. Konsekwente evolusionisme beskou dit as dat die werklikheid in al die aspekte daarvan, d.w.s. in al die vakgebiede, volgens die prinsipe van meganistiese evolusie geïnterpreteer en verklaar moet word. Die uitgangspunt is deur en deur naturalisties.



maar daar word nie aan Hom dieselfde heilsbetekenis geheg as in die Protestantse oortuiging nie. Daarom kon hy op die langduur nie verlief neem met die Katolieke leer oor die saligheid wat deur goeie werke verdien moet word en finalitêr die deurslag moet gee tot die verkryging van die saligheid nie.

Dit was eers nadat hy hom tot die Christelike geloof, ooreenkomstig die Protestantse belydenis en oortuiging bekeer het, dat hy antwoorde op die lewensvrae waarmee hy jarelank geworstel het, gekry het. Prof. Veith se voorgeslagte is van Duitse herkoms, wat hulle later in Suid-Afrika gevestig het. Hy het ook 'n belangstelling in Godsdienstudieⁱⁱ en het hom daarop toegelê om veral die historiese verloop daarvan in Duitsland te bestudeer. Derhalwe kan hy met gesag oor sy waarneming van die godsdien praat, voortspruitend waaruit hy

ⁱⁱ Prof. Veith se voordrag tydens die konferensie het vir die grootste deel daarvan oor sy histories-vergelykende studie van die godsdien handel, met toepassings na die heersende situasie in die RSA.

aangebied het om 'n boodskap vir die Suid-Afrika van vandag oor te dra. Volgens prof. Veith was die bekende teks waarop Martin Luther hom beroep het dié in Rom. 1:17: "... Maar die regverdige sal uit die geloof lewe", wat by hom die lewensverandering tot gevolg gehad het.

Dit was eers na sy bekering dat prof. Veith die duidelike onderskeid tussen die Bybelse skeppingsleer en evolusionistiese meganistiese natuurprosesse getref het. Hy het daarna as dosent te Kaapstad en Stellenbosch die Christelike wetenskapsleer sonder huiwering gepropageer. Hy het op grond van sy bekering tot die Christelike geloof die evolusionistiese aansprake met beslistheid kon teenstaan, maar dit het hom die erge argwaan van evolusionistiese kollegas op die hals gehaal.

Volgens prof. Veith het hy in daardie tyd met die felste teenkating van die evolusionisme te doen gekry. Dit is duidelik dat die evolusionisme die Bybelse skeppingsleer nie kan verdra nie, maar dit is te verklaar vanuit die religieuse uitgangspunte daarvan, wat hoegenaamd nie

met die Bybelse openbaring rekening hou nie. Selfs toe prof. Veith by geleentheid 'n gesprek met 'n aantal van sy kollegas te Kaapstad oor die uitgangspunte van die evolusionisme gehad het op sy uitnodiging, het hy dit ondervind dat daar met 'n gesindheid van openlike haat teenoor hom opgetree was. Hy het naamlik 'n tiental vrae opgestel waarmee hy die dosente gekonfronteer het, maar waarop hy geen antwoorde ontvang het nie. Dit het die wêreld vir hom as dosent geensins makliker gemaak nie, inteendeel.

Daar is steeds talle vrae waarop die evolusionisme nie antwoorde kan gee nie en ook nie sal kan gee nie, deurdát dié leer op vooronderstellings berus wat vreemd staan aan die Bybelse openbaring, die enigste grond van waarheid vir die Christen. Die meeste daarvan berus op hipoteses en nie op feitlikhede nie.

Volgens prof. Veith is sy benadering, sedert sy bekering, dat die waarheid moet seëvier, waaroor hy sekerlik deur niemand verkwalik kan word nie. Die evolusionisme bied

egter nie aan hom as Christen-wetenskaplike antwoorde van waarheid nie. Volgens prof. Veith is dit sy ervaring dat wanneer 'n wetenskaplike hom/haar tot die Christelike geloof bekeer, daardie wetenskaplike nie anders sal kan nie as om die leer van die evolusionisme te bevraagteken. Dit is deel van 'n wetenskaplike se verantwoordelikheid om in en vir die waarheid te staan. Die Bybelse openbaring en leer bied aan hom as wetenskaplike daardie enigste grond van waarheid in Jesus Christus.

Hy het vir talle jare in-diepte studies oor Bybelprofesieë gedoen, asook historiese en huidige politieke en godsdienstige tendense. Hy het onlangs 'n eredoktorsgraad in Teologie ontvang vir sy uitgebreide internasionale navorsing op hierdie gebied. Daarom wy hy hom nou daaraan toe om alle valse voorstellings op wetenskaplike en godsdienstige gebied te ontbloot en die waarheid te herstel aan 'n verwarde en sterwende wêreld, want in waarheid en kennis is daar lig, hoop en volkome genesing vir die mensdom.

Geslagsonderrig op skool

Die debat oor geslagsonderrig op skool het onlangs weer opgevlam. Dit was na aanleiding van die Departement van Basiese Onderwys se verklaring oor die beoogde implementering van 'n dokument van die Verenigde Nasies getiteld: Comprehensive Sexuality Education. Dit bevat egter vir ons Christelike besef verwerplike praktyke wat nie met ons geloofsoortuiging versoen kan word nie. Debatte oor RSG en ander media het daarop gevolg, maar na waarneming was in nie een daarvan 'n duidelik Bybelse standpunt gestel nie. Dit word daarom nodig geag dat ons lesers se aandag weer 'n keer op die Bybelse standpunt oor seksualiteit en ware opvoeding daarvoor gevestig word. Op die VCHO se webblad by die volgende skakels sal lesers Bybelgetroue standpunte oor seksualiteit en geslagsopvoeding vind waar die kwessie van 'seksvoorligting' op skool ook bespreek word:

[http://vcho.co.za/wp-content/uploads/2018/01/Bybelse etiek vir seksualiteit](http://vcho.co.za/wp-content/uploads/2018/01/Bybelse-etiek-voor-seksualiteit)

&

<http://vcho.co.za/wp-content/uploads/2018/01/Seksvoorligting-op-skool>

Bydraes aan VCHO: beroep op lede

Ons bring graag die volgende vir ons belangrike drie punte onder ons lede se aandag:

1. Inbetalings oor die toonbank

Ons bemerk dat daar lede is wat inbetalings as bydraes aan die VCHO oor die toonbank doen. Die bankkoste daaraan verbonde is besonder hoog. Volgens ons finansiële state van die afgelope jaar, word inbetalings in kontant oor die toonbank met hoë bankkoste belas. Op 'n bedrag van byvoorbeeld R50, die voorgestelde minimum jaarlikse bydrae aan VCHO, beloop die bankkoste in sodanige gevalle R45, wat beteken dat slegs R5 die VCHO toekom.

Ons wil ons lede in hierdie omstandighede aanmoedig – dié wat dit so kan doen – om waar moontlik, eerder elektroniese inbetalings te doen. In hierdie geval is die bankkoste minimaal en ontvang die VCHO die grootste deel uit 'n bydrae van R50, as in voormelde gevalle. Daar word steeds voorkeur gegee aan die reël van 'n aftrekorder met die bank, of 'n debietorder direk met VCHO, maar bydraes in enige vorm word nogtans met groot dank ontvang.

2. Bydraes van R15 en minder per jaar

Ons wil lede verder ook vriendelik vra dat, waar dit enigsins moontlik is, bydraes van R15 en minder per jaar, na tussen minstens R20 en R30 per jaar te verhoog. Dit geld eenmalige bydraes per jaar of bydraes wat oor verskeie maande versprei word, waarvan die somtotaal op R15 of minder per jaar te staan kom. Wil u nie u jaarlikse bydrae na tussen minstens R20 en R30 verhoog nie?

3. Tjeks word uitfaseer

Dit word onder ons lede se aandag gebring dat tjeks, volgens 'n omsendskrywe van ABSA Bank, teen die einde van 2020 uitfaseer word.

Ons bedank graag weereens ons lede wat gereelde bydraes maak vir hulle gesindheid teenoor ons Vereniging.

VCHO-kongres voorlopig uitgestel

Die beoogde kongres in 2020 soos in ons November-uitgawe van 2019 in vooruitsig gestel, moes noodwendig uitgestel word, as gevolg van die veranderde omstandighede in ons land, sedert April-maand.

Dit bly steeds belangrik dat, wanneer omstandighede sodanig verbeter, daar met die aanbieding voortgegaan sal word D.V.

Ons lede en belangstellendes sal hieroor op die hoogte gehou word.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die stand punte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR

KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath,
Prof D.F.M. Strauss.



Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341

Faks (051) 522 4513

E-pos: hugo@vcho.co.za

Tuisblad: <http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks (Pretoria) en Ds R. Bain (Potchefstroom).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes